# Versnelde Sukses: Versoekings in Leierskap

**Lee-Ann van Rensburg 19/08/2018**

**Nehemia 5: 14-19 "Ek was twaalf jaar lank goewerneur van Juda. Dit het gestrek vanaf die twintigste tot die 32ste jaar wat koning Artasasta regeer het. In dié tyd het nie ek of enige van my amptenare die kos toelaag waarop die goewerneur geregtig is, gebruik nie. Maar dit was nie die geval met die goewerneurs wat my voorgangers was nie. Hulle het die mense swaar belas. Hulle het behalwe brood en wyn elke dag ook nog 460 gram silwer geëis. Selfs die goewerneurs se amptenare het van die mense misbruik gemaak. Maar ek het nie so opgetree nie omdat ek vir God ontsag het. Ek het my aandag aan die bou van die muur gegee en nie vir my grond aangeskaf nie. Ek het ook van al my amptenare verwag om aan die muur te werk. Ek het gereeld 150 Judeërs en amptenare aan tafel gehad. Dit was bo en behalwe die besoekers wat uit lande van die omgewing gekom het. Elke dag moes hulle vir my 'n bees, ses slagskape en 'n groot hoeveelheid hoenders slag. Verder het ons elke tiende dag 'n groot verskeidenheid wyn nodig gehad. Ten spyte daarvan het ek geweier om die goewerneur se kos toelaag op te eis, want die werkslas op hierdie mense was alreeds baie swaar. My God, onthou asseblief alles wat ek vir hierdie mense gedoen het. Wees daaroor goed vir my."**

## 1. DRIE VERSOEKINGS VAN LEIERSKAP

**1.1.** Jy sal versoek word om jou posisie te misbruik.

**1.2.** Jy sal versoek word om jou mag te misbruik.

**1.3.** Jy sal versoek word om voordeel te trek uit jou voorregte.

## 2. HOE OM INTEGRITEIT AS 'N LEIER TE BEHOU

**2.1.** Verdiep jou eerbied vir God deur:

- Te besef dat God jou in die posisie geplaas het.

  **Psalm 75:6 "For promotion and power come from nowhere on earth, but only from God. He promotes one and deposes another"**

- Te besef dat God jou aanspreeklik gaan hou vir wat jy doen.

**2.2.** Kry 'n liefde vir mense. Fokus op wat jy kan gee en nie op wat jy kan kry nie.

**2.3.** Moenie net aan die tydelike dink nie, dissiplineer jouself om ‘n ewige beloning ontvang.

- Jy moet jouself dissiplineer deur jou eie vryheid te beperk.
- Leiers fokus op hul verantwoordelikhede en nie op hul regte nie.

**GESPREK GITS**

**VERSNELDE SUKSES: VERSOEKINGS IN LEIERSKAP**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Het jy al ooit te doen gehad met ‘n leier wat hul posisie en mag misbruik het? Hoe het dit gevoel om onder so ‘n persoon te werk?
2. Kan jy insien hoe die posisie, mag en die voordele wat saam met sukses kom ‘n mens in die versoeking kan lei?
3. Wanneer jy sien dat iemand misbruik of mishandel word, raak jy ontsteld? Dryf dit jou tot aksie, of bly jy passief?